# SARS waarsku oor kriptobate-nakoming

**Tshwane, 9 Oktober 2024** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) neem kennis van die fenominale groei in gebruik van verskeie digitale geldeenhede deur menige Suid-Afrikaners. Prominent onder dié, is die voorkoms van kriptobates. 'n Verbysterende aantal van meer as 5.8 miljoen Suid-Afrikaners besit 'n kriptobate, met Suider-Afrika wat spog met die grootste opname van Bitcoin in die wêreld.

SARS is bekommerd dat hierdie kriptobates en -verhandelinge nie in belastingpligtiges se belastingopgawes verklaar word nie. SARS is wetlik verplig om boek te hou van enige inkomste of bates van belastingpligtiges en het voorheen kriptoverruilings verwelkom, asook diegene betrokke by die handeldryf of besit van kriptobates gevra om op vrywillige basis verwante aktiwiteite bloot te lê. As opvolg, sal SARS kriptobates by sy nakomingsprogramme insluit. Gevolglik, skakel SARS met die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (FSCA) ten opsigte van die verskaffing van inligting oor geregistreerde kriptobate-diensverskaffers. SARS ontvang ook inligting direk van die plaaslike valutas.

Onontbeerlik, moet dit onderstreep word dat, deur multilaterale ooreenkomste, SARS wêreldwyd inligting met ander belastingowerhede uitruil. Die voorsiening van aflandige kriptorekeninge sal die onderwerp wees van 'n multilaterale ooreenkoms wat deur ministers van finansies in November 2024 onderteken sal word, wat die uitruil van sodanige inligting, ten opsigte van belastingpligtiges, oor regsgebiede heen sal kataliseer.

SARS glo dat meeste belastingpligtiges en handelaars eerlik is en dat hulle verwag om bygestaan te word om hul wetlike verpligtinge na te kom. Ooreenkomstig ons wetlike mandaat, verskaf SARS sekerheid en helderheid aan belastingpligtiges oor alle wetlike verpligtinge. SARS werk ook ywerig daaraan om dit vir belastingpligtiges en handelaars eenvoudig te maak om hulle verpligtinge soomloos na te kom. Dit is ook ‘n kritiese strategiese oogmerk om dit duur en moeilik te maak vir diegene wat opsetlik nienakomend is. Hierdie pogings is daarop gemik om ons strategiese oogmerk jeens die koestering van 'n kultuur van vrywillige nakoming te ondersteun.

As resultaat, met die aanspreek van kripto-nakoming, versterk SARS sy ouditspanne se vermoëns om wetstoepassinginisiatiewe te ondersteun. SARS wend hulle tot breër gebruik van kunsmatige intelligensie, masjien-aanlering en algoritmes om ons werk te prosesseer. Met die oog op voldoening aan ons mandaat, het SARS onlangs navraagbriewe aan belastingpligtiges met kriptobates gerig. Hierdie briewe is daarop gemik om insig jeens belastingpligtiges se belegging in kriptobates te bekom, asook die verhandelinge wat onderneem is, om sodoende SARS in staat te stel om belastingpligtiges se nakoming in hierdie verband te assesseer.

Belastingpligtiges wat moontlik geaffekteer kan wees en verstaanbaar bekommerd is oor hulle kriptobate-nakoming, word herinner aan SARS se vrywillige blootleggingsprogram (VBP) wat nakoming fasiliteer. Hierdie geleentheid het streng voorwaardes. Een daarvan is dat belastingpligtiges SARS eerste moet nader. Sodra SARS die belastingpligtige vir oudit geïdentifiseer het, kan hulle nie meer vir VBP aansoek doen nie.

SARS Kommissaris, mnr. Edward Kieswetter, het belastingpligtiges weereens herinner om hulle wetlike verpligtinge eerlik en pligsgetrou na te kom deur al hulle inkomste te verklaar. Hy het gesê: "SARS werk sonder ophou om nakoming deur alle belastingpligtiges te verseker, en diegene wat hulle verantwoordelikhede ontduik maak die las van nakoming moeilik vir nakomende belastingpligtiges. Dit is nie net onregverdig teenoor eerlike belastingpligtiges nie, maar affekteer die kwesbares in die samelewing buite verhouding deur die staat se vermoë te beperk om maatskaplike toelae en ander lewensnodige maatskaplike voordele te eerbiedig. Laat almal weet dat tegnologie SARS se vermoë versterk het om nienakomende belastingpligtiges te ontwortel. Wees gewaarsku, SARS sal sonder aansien des persoons of vooroordeel vervolg."

Vir meer inligting, kontak ons by SARSMedia@sars.gov.za.